## Vereer onderwysers vir hul toewyding en impak

**Elzahn Rinquest***

Terwyl ons by die wêreldgemeenskap aansluit om Wêreldonderwysersdag op 5 Oktober te vier, moet ons ook onderwysers se kosbare rol in die vorming van die toekoms van ons nasie en die wêreld erken. Hul toewyding en passie om jong denke te koester is die hoeksteen van ʼn florerende samelewing. ʼn Donker wolk hang egter oor die onderwyssektor in Suid-Afrika met die regering se besluit om begrotings te besnoei, wat onderwysposte in veral die Wes-Kaap raak. Dit bedreig die gehalte van onderwys wat ons kinders ontvang.

Die onlangse aankondiging deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement om onderwysposte oor die provinsie heen te verminder is diep kommerwekkend. Soos uitgelig in onlangse berigte op nuus- en sosialemedia-platforms, stel hierdie stap nie net die bestaan van duisende toegewyde opvoeders in gevaar nie, maar het dit ook verreikende implikasies vir ons onderwysstelsel. Klasgroottes sal onvermydelik toeneem, wat ʼn agteruitgang sal meebring in die gehalte van onderrig en persoonlike aandag wat leerders verdien.

Voorts sal die potensiële verlies aan ervare onderwysers ʼn beduidende impak op die kontinuïteit van onderwys hê. Onderwysers wat sterk verhoudings met hul leerders opgebou en doeltreffende onderrigmetodes ontwikkel het, sal onvervangbaar wees. Die vertrek van sulke opvoeders sal ʼn leemte skep wat moeilik gevul sal word, veral in benadeelde gemeenskappe waar toegang tot onderwys van gehalte reeds beperk is.

Die besluit om onderwysposte te sny strek verder as die onmiddellike impak daarvan op individuele onderwysers en leerders. Dit het breër implikasies vir die toekoms van Suid-Afrika. ʼn Verswakte onderwysstelsel kan lei tot ʼn afname in ekonomiese groei, groter sosiale ongelykheid en ʼn styging in misdaadsyfers. ʼn Belegging in onderwys is ʼn belegging in die nasie se toekoms, en die besluit om onderwysposte te sny (eerder as ander poste op ʼn hoër vlak met hoër besoldiging van miskien distrikskantore), is kortsigtig en sal langtermyn-gevolge hê.

Bo en behalwe die uitdagings wat hulle die hoof moet bied, verdien onderwysers in Suid-Afrika en regoor die wêreld om gevier te word vir hul onwrikbare toegewydheid en verbondenheid tot hul leerders. In die post-pandemiese era het onderwysers ʼn selfs groter verantwoordelikheid aanvaar deur ondersteuning, geestelike sorg en emosionele leiding aan hul leerders te bied. Hulle het veel verder gegaan as tradisionele onderrig- en assesseringspraktyke deur die welstand van die kinders in hul sorg te verseker.

Die besluit om onderwysposte te sny is ʼn terugslag en dit is noodsaaklik om die ongelooflike werk wat onderwysers elke dag doen, te erken. Hulle inspireer, motiveer en bemagtig hul leerders en help hulle om hul volle potensiaal te bereik. Onderwysers verdien om meer gereeld

gevier te word, veral deur hul leerders se ouers. ’n Eenvoudige dankie kan ’n groot hupstoot vir ’n onderwyser se moraal wees en hulle aanmoedig om met hul belangrike werk voort te gaan.

Vir ’n dieper begrip van die belangrikheid daarvan om onderwysers te waardeer het ek ’n groep onderwysstudente aan die Universiteit Stellenbosch wat onlangs hul praktiese opleiding voltooi het, hieroor uitgevra.

Een van hulle het vir my gesê “nie almal kan eendag wakker word en besluit om ’n onderwyser te wees nie. Dit verg ’n spesiale persoon om ’n onderwyser te wees. Iemand wat vriendelik, intelligent, slim, positief, streng, snaaks en soveel meer is. ’n Onderwyser is ’n vriend, ’n mentor, ’n leier, die een wat leiding neem, ’n ma, dokter, opvoeder, ondersteuner, motiveerder en ’n kind se grootste rasieleier. ’n Onderwyser het die belangrikste werk omdat dit help om die denke en harte van leerders te vorm. Hierdie een is vir al die wonderlike onderwysers – hou aan om te doen waarvoor julle lief is”.

’n Ander een het opgemerk dat “dit geen geheim is dat onderwysers ’n belangrike deel van die samelewing is nie, van die inhoud wat hulle onderrig tot die beginsels en waardes wat hulle by ons toekomstige leiers, dokters, kunstenaars en onderwysers vestig. Soms is ’n onderwyser daardie rolmodel wat baie kinders dalk nie by die huis het nie. Ek is seker ons onthou almal sekere onderwysers wat ’n groot impak gehad het op waar ons vandag is of ’n groot rol in ons emosionele ontwikkeling gespeel het. Dit is belangrik dat ons onderwysers waardeer”.

Twee ander onderwysstudente het benadruk hoe belangrik dit is om opvoeders te ondersteun.

“Ek dink onderwysers verduur baie en om na hul stemme te luister sal die grootste vorm van ondersteuning wees wat ons aan hulle kan bied. Regerings en onderwysorganisasies moet meer na die hulpkrete van onderwysers luister.”

“Dit is so belangrik om onderwysers te ondersteun, want ons is meer as net onderwysers. Ons is beraders, aanmoedigers en sterk en standvastige mense waarop kinders staatmaak. Ons is die weg na die toekoms omdat ons die toekoms opvoed.”

Hul mede-student het gesê “as ’n opvoeder en ’n empaat vind ek my vervulling en beloning in die leerders se prestasies. Ek verwag nie en sal ook nooit vir erkenning vra nie. Ek dink wel dat klein geskenkies van waardering van leerders, soos notas, tekeninge en dalk ’n paar lekkernye, opvoeders sal gerusstel dat hulle goeie werk doen en dat die leerders hulle vertrou en waardeer”.

Die ervarings van hierdie onderwysstudente benadruk die belangrikheid daarvan om die werk van onderwysers te erken en te vier. Mag dit dien as ’n oproep tot aksie vir almal van ons om ons opvoeders te ondersteun en voorspraak vir hulle te doen.

Dit is noodsaaklik dat ons in ons onderwysers belê en aan hulle die ondersteuning en hulpbronne verskaf wat hulle nodig het om te floreer. Dit sluit voldoende salarisse, professionele ontwikkelingsgeleenthede en ŉ gunstige werksomgewing in. Deur ons onderwysers te waardeer en te bemagtig, kan ons ŉ beter toekoms vir Suid-Afrika en die wêreld skep.

Die besluit om onderwysposte te sny is kortsigtig en sal langtermyn-gevolge vir ons onderwysstelsel hê. Dit bewys ŉ onguns aan ons kinders, wat die beste moontlike geleenthede verdien om sukses te behaal. Soos ander mense aangevoer het, moet ons saamstaan om te eis dat die regering hierdie skadelike beleid opnuut oorweeg.

Wêreldonderwysersdag is ŉ wêreldwye viering van die ongelooflike werk wat onderwysers doen. Terwyl ons hul toewyding en verbintenis eer, moet ons ook voorspraak doen vir beleide wat hul welstand ondersteun en onderwys van gehalte vir almal verseker. Deur in ons onderwysers te belê baan ons die weg vir ŉ blinker en meer voorspoedige toekoms van ons nasie.

***Dr Elzahn Rinquest is ŉ dosent in die Departement Opvoedingsbeleidstudie aan die Universiteit Stellenbosch.**